**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 APRIL 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | - | Speaker |
| Rdh. EB Manuel | [DA] | - | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | - | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdh. JJ Josephus | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SR Claassen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. H Kröhn | - | Munisipale Bestuurder (waarnemend) |
| Mnr. Mnr. GJ Goliath | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AW Rheeder | - | Direkteur Korporatiewe Dienste (waarnemend) |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mev. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Mev. RR Fillis | - | Klerk: Komitee Dienste |

**AKSIE**

**RVN016/04/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Daniels open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal verwelkom.

***

**RVN017/04/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Rdh. J Swart - verskoning
Munisipale Bestuurder – verlof
Direkteur Korporatiewe Dienste - verlof

***

**RVN018/04/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

***

**RVN019/04/2017**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 28 MAART 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 28 Maart 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN020/04/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE:TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 MAART 2017**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer oor die Raadsbesluite van die vergadering gehou op Dinsdag 28 Maart 2017, ter inligting aan die Raad.

***(Die Direkteur Finansiële Dienste en waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste verlaat die vergadering om 14:15 op versoek van die Uitvoerende Burgemeester om reëlings te tref met die kantoor van die Minister van Plaaslike Regering in verband met die goedkeuringsbrief rakende die "Upper limits" vergoeding vir Raadslede.)***

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN021/04/2017**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN SPESIALE VERGADERING: DINSDAG 11 APRIL 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Dinsdag 11 April 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN022/04/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE:TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS SPESIALE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 11 APRIL 2017**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer oor die Raadsbesluite van die spesiale vergadering gehou op Dinsdag 11 April 2017, ter inligting aan die Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN023/04/2017**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN024/04/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende verklaring/mededelings:

**LIEF EN LEED**

- Raadsheer Swart verjaar op 15 Mei 2017; en
- Raadslid Wessels verjaar op 18 Mei 2017.

Die Speaker meld dat die Bergrivier Ekonomiese Ontwikkelingsforum plaasvind op Dinsdag 02 Mei 2017 by De Hoek, Piketberg.

Hy versoek dat alle Raadslede dit bywoon en meld dat die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, Landbou en Toerisme optree as die gasspreker by die geleentheid.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee kortliks agtergrond en meld dat vier plaaslike groot besighede te wete: PPC, ABSA, Transnet en Bergrivier Munisipaliteit teenwoordig sal wees.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN025/04/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN026/04/2017**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN027/04/2017**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN028/04/2017**
**<u>KANSELLASIE VAN NOTARIËLE AKTE VAN KOPPELING K1184/2002</u>**
**13/3/4, 13/2/5/223**

Raadslid Wessels lei die item in en gee agtergrond.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat toestemming verleen word vir kansellasie van Notariële Akte van Koppeling, K1184/2002, waarvolgens Gedeelte 17 van die Plaas Vier-en Twintig Riviere Nr 240, Afdeling Piketberg notarieel verbind word aan Restant van die Plaas Twee Riviere Nr 375, Afdeling Tulbagh gekanselleer ten einde voorgenoemde eiendomme te konsolideer met Gedeelte 14 van die Plaas Lankgewag Nr 346, Afdeling Tulbagh om Plaas Nr 454, Afdeling Tulbagh tot stand te bring; en

2. Dat hierdie Munisipaliteit in kennis gestel word wanneer Gedeelte 17 van die Plaas Vier-en-Twintig Riviere Nr 240, Afdeling Piketberg na Drakenstein Munisipaliteit oorgaan.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN029/04/2017**
**<u>MEMBERS OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL (BMPT)</u>**
**15/5/5**

Raadsheer van Rooy gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by the Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

1. That the content of the report is noted; and

2. That the newly appointed Director Financial Services, Mr Gerard J Goliath, is appointed to replace the former Director Financial Services, Mr JA van Niekerk, as member on the Municipal Planning Tribunal (MPT).

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

***

**RVN030/04/2017**
**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2016 TOT 31 DESEMBER 2016**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**TER INLIGTING AAN DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasiebeoordeling van die Artikel 57 Poste vir die tydperk 01 Julie 2016 tot 31 Desember 2016.

***

**RVN031/04/2017**
**2016/17 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY - 31 MARCH 2017 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52 (d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**9/1/2**
***(The report was tabled at the meeting as previously distributed electronically)***

The Manager: Strategic Services gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by the Council**

**RESOLUTION**

1. That the quarterly performance report for Quarter 3 (1 January – 31 March 2017) be noted.
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN032/04/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

Geen

***

**RVN033/04/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

Geen

***

**RVN034/04/2017**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Die Speaker bedank alle wyksraadlede vir hul toegewydheid en ondersteuning gebied aan hulle onderskeie wyke.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste noem dat die wykskomitee vakatures binne die komende week geadverteer sal word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN035/04/2017**
**GOEDKEURINGSBRIEF/TERUGVOERING VANAF DIE KANTOOR VAN DIE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING: ‘UPPER LIMITS’ VIR RAADSLEDE**
**5/11/1**

***(Die Direkteur Finansiële Dienste en waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste sluit weer aan by die vergadering om 14:25.)***

Die waarnemende Direkteur: Korporatiewe Dienste lewer die volgende terugvoer, naamlik:

Dat die administrasie (Mev T Wessels) kontak gemaak het met die kantoor van die Minister van Plaaslike Regering en dat die goedkeuringsbrief oor die “upper limits” vir Raadslede nog nie deur die Minister onderteken is nie.

Verdere gesprekke sal volg in hierdie verband met die Kantoor van die betrokke Minister.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN036/04/2017**
**AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN037/04/2017**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:30*

***BEKRAGTIG AS ‘N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

________________________ ____________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***